Laerskool Voorpos

# Vorienuus

"Blom in God se Koninkryk"

16 Februarie 2026 Uitgawe #05



## Uit die hoof se kantoor

Die week wat verby is, is gekenmerk deur uitstaande prestasie op die atletiekbaan. Maandag, 9 Februarie, was ons Clusterbyeenkoms en 29 Voorposatlete behaal eerste en tweede plekke en kwalifiseer vir die Distriksbyeenkoms te Pillditch.

Die afgelope Saterdag het van ons atlete aan die Top 20-byeenkoms te Noordheuwel in Krugersdorp deelgeneem. Baie geluk aan hierdie atlete wat uitstekend presteer het.

Die rugby- en netbalproewe is afgehandel en inligting rondom die verskillende toere word nou aan u as ouers deurgegee. 'n Volledige inligtingsbrief van toepassing op u kind se toer, sal eersdaags volg. Dit is vir my baie belangrik dat elke rolspeler wel hierdie toer sal meemaak aangesien dit spankohesie en -ontwikkeling van elke deelnemer bevorder. Dit is van kardinale belang om ons liga op 'n suksesvolle wyse af te skop.

Tussen al hierdie aktiwiteite bly dit BAIE belangrik om seker te maak dat elkeen se akademie op standaard bly. Kommunikeer met u onderwysers indien u agterkom dat daar leemtes rondom die akademie is.

Sterkte vir die week!
Mnr Gerhard Engelbrecht





## Vers vir die Week

Jesaja 40:8
"Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig.

## Vorienuus: Inhoud

Die Vorienuus kom een keer per week uit. Gebeure van die Vrydag tot die volgende Donderdag sal in die uitgawe, wat op 'n Maandag uitkom, verskyn. Dit behels:

- Akademie
- Sport
- Kultuur
- Geleenthede

## Buite skoolverband prestasies

Gebruik die "Powerpoint" templaat (inhoud-puntsgewys asb) wat op die groepe gestuur is en stuur dit op die laatste Donderdae aan Nicolene Meijers by lvp@laerskool-voorpos.co.za

# Graad 7: Grootword met Wysheid

<u>Graad 7's groei met wysheid!</u>

Op 6 Februarie het ons Graad 7-leerders, onder leiding van Mnr Philip Kemp en Juf Katie van der Berg, deelgeneem aan die Grootword met Wysheid-program – 'n waardevolle sessie wat fokus op selfrespek, gesonde keuses en verantwoordelike besluitneming.

Die leerders is op 'n veilige en toepaslike manier gelei om hulself beter te verstaan en met wysheid deur hierdie belangrike lewensfase te beweeg. Ons is trots op hul positiewe betrokkenheid en oop gesindheid!










# Atletiek: Top 10

<u>Top 10 Atletiek sorg vir groot opwinding</u>

Die Top 10 Atletiekbyeenkoms wat op Saterdag, 7 Februarie by die Tuks BestMed-stadion plaasgevind het, het beslis vir groot opwinding gesorg.

Van die beste atlete regoor Gauteng het aan die byeenkoms deelgeneem en ons skool was bevoorreg om vanjaar twee spanne te kon inskryf.

Die dag het uitstekende voorbereiding en waardevolle blootstelling vir al ons atlete gebied. Verskeie atlete het baie goed gevaar, onder andere Joshua Vosloo (o/12) wat algeheel 4de geëindig het in hoogspring, asook Wian Pretorius (o/11) wat 'n knap 7de plek in die 80 m behaal het.

Vir al die ander atlete was dit 'n baie goeie leerervaring en verskeie deelnemers het hul persoonlike tye en afstande verbeter.

Ons glo dat hierdie byeenkoms uitstekende voorbereiding was vir die Distrikbyeenkomste wat nog voorlê. Baie geluk aan al ons atlete.

Ons is trots op julle!














# Atletiek: Sub-distrik

<u>Sub-distrik Atletiek: Voorpos blink uit!</u>

Laerskool Voorpos se atlete het Maandag, 9 Februarie uitstekend gevaar by die Sub-distrik Atletiekbyeenkoms wat by Rietondale High School plaasgevind het, uitstekend gevaar.

Ons atlete het hul beste gelewer en saam altesaam 22 goue, 22 silwer en 13 brons medaljes verower – 'n merkwaardige prestasie waarop ons ongelooflik trots is!

'n Spesiale gelukwensing aan Albert Scherman (O/8) wat aangewys is as die Junior Victor Ludorum van die dag, asook aan Niancke Slabbert (O/12) wat die toekenning ontvang het as Beste Dogter Veldatleet van die dag. Julle harde werk en toewyding het beslis vrugte afgewerp!

Voorpos het algeheel in die tweede plek geëindig wat 'n uitstekende spanprestasie is. Verder het 29 van ons atlete gekwalifiseer om aan die Distrikbyeenkoms deel te neem.

Ons is baie trots op elke atleet. Julle harde werk en deursettingsvermoë deur die seisoen word nou beloon. Sterkte aan almal wat aan die distrikbyeenkoms gaan deelneem ons staan bankvas agter julle!















# Atletiek: Big Brag

Ons is baie trots, op nie minder nie as 29 atlete, wat na die Distriksbyeenkoms deurgedring het.

Jonathan Greyvenstein, 'n bekende in atletiekkringe, het ons leerders en atlete kom motiveer om die beste jý te wees. Die woorde "Jy kan as jy wil" het baie leerders gemotiveer om nóg harder te probeer.

Prestasie verg deursettingsvermoë en volgehoue oefening.

Sterkte aan al ons atlete!







# Valentynsdag

<u>Hartjie my liefie - Dag</u>

'n Strikkie, hoed of pet, 'n rooi bril en harte op die kop het almal 'n dag van ekstra liefde gevier.

Self die personeel het 'n 3 dae lange "Ek sien jou raak en omgee vir mekaar" gehad. Natuurlik het dit groot pret ontlok, omdat jy nie geweet het wie die mooi woorde of lekkernye aanstuur nie.

Mag ons almal onthou dat liefde gee, nie net tot een dag beperk is nie.

"En die grootste hiervan is die liefde." (1 Kor 13: 13b)









# Belangrike Inligting: VSG-Projekte

VSG-PROJEKTE (Voorpos Skool Gemeenskap Projekte) is 'n onafhanklike, nie-winsgewende organisasie, wat in noue samewerking met Laerskool Voorpos funksioneer en hulself beywer om leerders op akademiese-, sport- of kultuurgebied te ondersteun waar nodig.

Hierdie organisasie is afhanklik van borge om fondse te genereer. Dit is nié net besighede wat betrokke kan raak nie, maar u as individu ook. Besighede, borge, oud-Vories of ouers kan me. Luzanne van der Merwe (084 513 3278) of me. Nicolene Niemann (067 595 0261) kontak vir enige verdere navrae.



# Datums vir die Week

| | AKADEMIE | KULTUUR | SPORT | ANDER |
|---|---|---|---|---|
| MAANDAG<br>16 Februarie | ROOSTER A<br>07:00 IS-fase intervensieklas: Afrikaans | GEEN BUITEMUURS | GEEN BUITEMUURS BEHALWE:<br>14:15 Tennis: Liga<br>18:00 Bulletjierugby: Ouervergadering | |
| DINSDAG<br>17 Februarie | 07:00 IS-fase intervensieklas: Engels<br>07:00 GF: Heronderrig (soos gereël) | 17:00 Revue: Oefening | 14:00 Atletiek: Oefening Distrikatlete<br>14:15 Mini-Netbal: Oefening<br>15:15 Rugby: o/9 – o/10 Oefening<br>15:15 Netbal: O/10 – o/13 Oefening<br>16:00 Rugby: o/11 – o/13 Oefening | |
| WOENSDAG<br>18 Februarie | | 14:00 Jnr Koor: Oefening<br>15:00 Sr Koor: Oefening | 13:45 Rugby: o/9 Oefening<br>14:00 Atletiek: Oefening Distrikatlete<br>14:15 Skaak: Oefening<br>15:15 Rugby: o/10 – o/11 Oefening<br>15:15 Netbal o/10 – o/13 Oefening<br>16:00 Rugby: o/13 Oefening | |
| DONDERDAG<br>19 Februarie | 07:00 IS-fase intervensieklas: Wiskunde | Redenaars: Klasuitdunne eindig | Atletiek: Distrikbyeenkoms<br>14:15 Mini-Netbal: Oefening<br>15:15 Rugby: o/9 – o/10 Oefening<br>15:15 Netbal: O/10 – o/13 Oefening<br>16:00 Rugby: o/11 – o/13 Oefening | |
| VRYDAG<br>20 Februarie | | 13:30 Boekklub (Gr 1 - 7) | 13:30 Krieket: Kliniek | Rugbyraai: Kontrole 3 |
| SATERDAG<br>21 Februarie | | | | |
| SONDAG<br>22 Februarie | | | | |
| MAANDAG<br>23 Februarie | Rooster B<br>07:00 IS-fase intervensieklas: Afrikaans | 14:00 Jnr Koor: Oefening<br>15:00 Sr Koor: Oefening | Atletiek: Afrigters sal met atlete wat deurdring na die volgende byeenkoms reëlings tref vir oefentye<br>14:15 Rugby: o/9 - o/13 Oefening<br>14:15 Netbal: o/10 - o/13 Oefening<br>14:15 Tennis: Liga<br>14:15 Skaak: Oefening<br>17:15 Bulletjierugby: oefening | |


lvp@laerskool-voorpos.co.za
(012) 332 - 2534



FOODLE
MEALS&CATERING
063 7311 249
DAILY FRESH MEALS. WE ALSO DELIVER TO YOUR HOME OR OFFICE.
733 , 24TH AVE , RIETFONTEIN
SUNDAY MEALS AVAILABLE :
SUNDAY MEALS @ R109.90
DESSERT @ R30.00 EACH
Sunday meals: Meats, Starch, 2x vegetables, potatoes.
STANDARD MEALS (MON-FRI)
STANDARD MEALS @ R90.00 PER PLATE
KIDS @ R60.00 PER PLATE
HEALTHIER OPTION @ R100.00 PER PLATE
LIGHT MEALS @ R90.00 PER PLATE
MONTHLY PACKAGES ALSO AVAILABLE.
WWW.ITSFOODLE.COM

# ADVERTENSIE



**SOOS GEHOOR OP JACARANDA FM**

## A+STUDENTS KURSUSSE :

- MINI Genie: vanaf 3 jaar oud
- Kinder Genie: vanaf 5 jaar oud
- JONG Genie: vanaf 8 jaar oud
- JUNIOR Genie: Gr.4-12 (beskikbaar by uitgesoekte takke)

## KURSUSSE SLUIT IN :

- Abakus en Anzan (visualisering van die Abakus)
- A+Speel Wiskunde
- Suiwer Wiskunde

**EN SOVEEL MEER!**

# Rachelle
# 074 956 0796

rachelledw@aplusstudents.co.za

WWW.APLUSSTUDENTS.CO.ZA

**A+ STUDENTS™**
**Abacus Maths**

# A+ IN WISKUNDE BEGIN HIER




PAMASA
MEMBER OF PAMA GLOBAL ABACUS & MENTAL ARITHMETIC ASSOCIATION PAMA GLOBAL

FASA
THE FRANCHISE ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

A+Students Member of: The Franchise Association of South Africa. (FASA)

# Voorpos -Karate

## @ NG KERK WAVERLEY

**TUESDAY & THURSDAY**

17:00 – 18:00

(All Students)

INTERNATIONAL SHOTOKAN KARATE FEDERATION
SOUTH AFRICA

Karate training teaches you to move the two sides of your body symmetrically or totally independently and orientates you in space by moving left, back, forward etc.
This aids midline crossing, balance and position in space.
These concepts are extremely important in reading, writing and mathematics. Karate is the only sport, which in training, constantly crosses the left and right side of the brain.
Your brain receives constant stimulation through the midline crossing techniques unique to karate training.

**WHY KARATE?**

**WILL IT BENEFIT MY DEVELOPMENT?**

**YES, DEFINITELY, KARATE WILL BENEFIT THE FOLLOWING:**

- *Body Awareness,*
- *Balance and Posture*
- *Fitness*
- *Develop Hand-Eye Co-ordination*
- *Confidence*
- *Space Awareness*
- *Concentration*
- *Midline Crossing*
- *Commitment*

**KARIEN JACOBSZ (8th DAN)**

Voorpos Karate School @ Waverley Church hall (c/o Trumper & Dickenson -transport from Voorpos to Church can be provided if arranged)

Cell: 082 379 0579
E-mail: karien.jacobsz@gmail.com
Website: www.iskf-pretoria.co.za


Individuele Aandag!
101010
A17F08C5
Kript-O-Matic
LEES EN WISKUNDE LESSE
Bou jou kind se selfvertroue en akademiese vaardighede in Taal en Wiskunde met gestruktureerde, prettige en doelgerigte individuele lesse.
Graad 4 Wiskunde
Begripsvaste leer, probleemplossing en selfvertroue in syfers
Graad 3 Taal & Lees (Afrikaans en Engels)
Leesvlotheid, begrip-en taalvaardigheid
Hier groei ons lees-lees en dink-dink!
Kontak Susan:
082 447 8264